



LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT



19 Februarie 2024

Graad een Akademiese kwartaalprogram (yskasbrief)

Nuwe tema: Gesonde gewoontes.

Week 1 : 19 tot 23 Februarie

- Tuiswerk: Doen asb. elke dag se taal, lees en wiskunde werkvelle. Merk en stuur Vrydag terug.
- Rympie: Gesonde kos - word by die huis en klassikaal aangeleer.
- k-Klank word aangeleer. Bou woorde: kas, kaas, kos, Koos, Kees, koes, soek, kook, kok. Ook met uitgeknipte klankies.
- Leerders mag nie die "k" omkeer nie.
- Begin by die regte beginkol.
- Let op dat die hoofletter en kleinletter verskil.
- Lees: Herken die k-klank in die leeskaarte.
- Sigwoorde: Word herken en nie geklank.
- Belangrike sigwoorde: **'n die dit is ek**
- Maak asb. seker dat u kind al die aangeleerde klanke ken.
- **Storie: My skooldag, word klassikaal geleer en geassesseer as 'n luister oefening.**
- Hierdie week leer ons getal 5. Leerders mag nie die 5 omkeer nie. Begin by die regte beginkol. Skryf en herken die 5.
- Herken ook die naam vyf.
- Teen Vrydag moet leerders getal 5 se maatjies uit hulle kop ken. Leer dit elke dag.

$$0 + 5 = 5$$

$$5 - 0 = 5$$

$$1 + 4 = 5$$

$$5 - 1 = 4$$

$$2 + 3 = 5$$

$$5 - 2 = 3$$

$$3 + 2 = 5$$

$$5 - 3 = 2$$

$$4 + 1 = 5$$

$$5 - 4 = 1$$

$$5 + 0 = 5$$


$$5 - 5 = 0$$

- Werk met begrippe: 1 minder, 1 meer, links, regs, voor en agter.

- **Engels: “Reading and phonics” assessering word gedoen.**
- **“Maak jou brein slimmer” oefeninge kan ook tuis geoefen word.**

MAAK JOU BREIN SLIMMER:

- Middellynkruising: oefen die “Lazy O” op papier met jou regterhand en linkerhand.
- Visuele diskriminasie: Soek die 5 verskille tussen die twee prente.



Week 2: 26 Februarie tot 1 Maart

- Tuiswerk: Doen asb. elke dag se taal, lees en wiskunde werkvelle. Merk en stuur Vrydag terug.
- Rympie: Ontbyt - word by die huis en kassikaal aangeleer.
- Brief 1 van Woordboulêer. Bou brief 1 se woorde met die los letters.
- Ons leer i en ie aan.
- **Maak asb. seker dat u kind al die aangeleerde letters ken. Hul moet ook woorde daarmee kan skryf en dit kan lees. Aangeleerde letters is o, a, s, e, k, i, oo, aa, ee, oe en ie. Word geassesseer.**

- **Transkripsie van aangeleerde klanke en woorde van die bord af word geassesseer.**
- **Belangrike wiskunde assessering vind die week plaas.**
 1. Optel en aftrek tot getal 5 is baie belangrik vir assessering.
 2. Lank, kort, vinnig, stadig, voor, agter, links en regs.
 3. 3D voorwerpe en 2D vorms.
 4. Posisie van getalle – bv. watter getal kom voor 5, na 2 of tussen 1 en 3.
- **Getalpatrone:**
 1. Tel en skryf ewe getalle tot 20 en terug.
 2. Tel en skryf onewe getalle tot 19 en terug.
 3. Tel in 5'e tot 50 en terug.
 4. Tel in 10'e tot 100 en terug.
- Ons praat oor gesonde kos en gesonde gewoontes.
- “Maak jou brein slimmer” oefeninge word ook tuis geoefen.

MAAK JOU BREIN SLIMMER:

- Fynmotories: rol 'n stuk klei in 'n wurmpie en knip dan die “wurmpie” in klein stukkies. Herhaal.
- Visuele diskriminasie: Soek die 10 verskille tussen die twee prente.



Baie dankie vir u positiewe samewerking.

Groete

Graad een Personeel